

**DIE JAN H MARAIS-PRYS: EERSTE TOEKENNING OP 30 MEI 2016
AAN PROF H B GILIOMEE**

Motivering deur prof Andreas van Wyk

In die Chinese metafisika verwys die frase *feng sjoei* na die harmonieuse sameloop van omstandighede wat 'n gelukkige uitkoms sal verseker.

My gevoel is dat die *feng sjoei* vir vanaand besonder belowend is: die plek, die datum, die mense en die denke dui gesamentlik op 'n geleentheid met 'n goeie toekoms, juis in die huidige onsekere omstandighede in ons land en wêreld.

Die werf waarop ons ons vanaand bevind, het 'n noue band met die visionêre man na wie die Jan H Marais-prys vernoem is: Johannes Henoch Marais. Sy suster se seun, Wilde Piet Roux, en dié se afstammeling was tot Augustus 1996 die eienaars van Mostertsdrift, toe die Universiteit Stellenbosch dit op 'n veiling aangeskaf het. Vandag huisves dit een van ons vasteland se voorste dinkplekke.

Die datum is ook nie toevallig nie. 'n Jaar gelede het die trustees van Het Jan Marais Nationale Fonds die inisiatief geneem om hierdie prys tot stand te bring met die 100-jarige herdenking van Jannie Marais se dood op **30 Mei 1915**. Hulle het die ander twee instellings wat danksy Marais se versierendheid tot stand gekom het – Die Burger/Nasionale Pers en die Universiteit Stellenbosch – genader om mede-oprigters te word. Baie dankie aan hierdie hoogs gewaardeerde vennote wat ook albei vanjaar bestaansmylpale vier.

Die mense wat vanaand hier teenwoordig is, verteenwoordig hierdie instellings en hierdie dorp wat so na aan Jan Marais se hart gelê het. Daar is ook mense wat onmisbaar in die uitvoer van die projek was: die lede van die keurkomitee, die trustees en sekretaris van Het Jan Marais Nationale Fonds en die bestuur van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hulle is deel van die menslike element van hierdie strewe na 'n harmonieuse toekoms vir Afrikaans as wetenskapstaal.

Almal van hulle is verbind tot daardie unieke Suid-Afrikaanse erfenis: 'n taal wat hier ontstaan het en aanvanklik verguis is, uniek aan hierdie land is, uniek divers in die herkoms van sy moedertaalsprekers is en getoon het dat dit op alle vlakke ons mense kan bemagtig. Na die onverklaarbare

weifeling van verlede jaar deel ook die Universiteit Stellenbosch in hierdie 150ste jaar van sy bestaan as 'n instelling van hoër onderwys volgens sy jongste konseptaalbeleid hierdie strewe: omdat dit die regte ding is.

Dit is die regte ding omdat dit deel is van die fondament waarop die nuwe Suid-Afrika ná 1994 gebou is: dat dit 'n land is wat aan al sy mense behoort en dat al daardie mense se erfenisse en bydraes geëer en ontwikkel sal word tot voordeel van almal. Ongelukkig is daar tans histories ongeletterde mense, selfs in leierskapposities, wat hierdie fondament nie verstaan nie en selfs probeer ondergrawe. Die ideale van Mandela, De Klerk, Tutu en miljoene ander gewone Suid-Afrikane wat mekaar erken, aanvaar en ondersteun sal dit egter nie toelaat nie.

Die belangrikste mens hier vanaand is die wenner van die Jan H Marais-prys.

Die kriteria vir die prys is duidelik: 'n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur wetenskaplike werk en publikasies op hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans. Soos dit in die notule van die keurkomitee se vergadering op 23 Maart vanjaar gestel word: "*Die Jan H Marais-prys is nie 'n gewone prys nie; dit kan vergelyk word met die Nobelprys vir wetenskap in Afrikaans. Die persoon wat dié prys ontvang, moes 'n uitstaande bydrae gelewer het. En omdat hy dit ook in Afrikaans gedoen het, het hy 'n bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal gelewer*". Dit gaan om gehalte in Afrikaans, aanvullende en geensins teenstrydige begrippe soos sommiges blykbaar nog dink nie.

Met die eerste toekenning van hierdie prys aan Hermann Giliomee gee ons erkenning aan een van ons land se mees skeppende historici, wat toevallig ook 'n Stellenbosser is.

Hermann Giliomee het as Swartlander al sy grade hier in Stellenbosch behaal. Na 'n kort draai by die departement van Buitelandse Sake sluit hy as dosent by die US se departement Geskiedenis aan. In 1983 word hy hoogleraar in Politieke Wetenskap aan die Universiteit Kaapstad. Ná sy aftrede daar in 1998 raak hy weer by die US betrokke as buitengewone professor in Geskiedenis.

As historikus het hy reeds met die navorsing vir sy meestersgraad en sy doktorsgraad oor die eerste Britse bewind aan die Kaap begin fokus op dié sentrale tema in ons geskiedenis: die verhouding tussen die Europese laatkommers en die gevestigde groepe, veral die swart groepe aan die

Kaapse Oosgrens, in 'n raamwerk bepaal deur 'n Britse koloniale owerheid.

Anders as sy voorgangers in die Stellenbosse departement Geskiedenis het Hermann nie die wit Afrikaners se interne geskiedenis as uitgangspunt geneem het nie. Veel eerder – en dit het ook in 1983 tot sy skuif na die Universiteit Kaapstad, 'n groot verlies vir ons universiteit, bygedra – het die Afrikaners in hulle breër konteks hom gefassineer. Sy samewerking en vriendskappe met buitelandse, veral Amerikaanse, kollegas, het hom gehelp om hierdie nuwe perspektief te ontwikkel. Dit het gelei tot 'n hoë internasionale aansien met uitnodigings na en aanstellings aan instellings soos Yale en Cambridge en vele publikasies in Afrikaans en Engels.

Terselfdertyd het hy bekendheid verwerf deur sy verknogtheid aan Afrikaans as openbare taal. Wat vir sommiges 'n skeldwoord was, was vir hom 'n eretitel: 'n taalbul. Die benaming “Giliomiet” word selfs nog in sekere kringe gebruik. Maar die pogings van histories oningelikes in die ongelukkig bitsige Stellenbosse taalstryd om die dodelike etiket van 'n “grys skoen” aan hom te hang het misluk want daarvoor was sy rekord en sy geselskap te ondubbelsinnig: Herman Giliomee het van sy jeugjare af op ondubbelsinnige wyse beswaar gemaak teen die onreg en absurditeite van 'n bedeling wat reeds in die 1800's begin het en later die benaming “apartheid” sou kry.

Weens hierdie standpunt het hy in 1982 nie 'n welverdiende bevordering aan die US gekry nie. Hy was in die turbulente 1980's die medestigter van die kritiese meningsblad Die Suid-Afrikaan en ook 'n rubriekskrywer in die Cape Times en die Rand Daily Mail. Hy en sy mede-Simonsberger, Van Zyl Slabbert, het mekaar se denkwêrelde bestuur en verryk.

Giliomee se *magnum opus* is sekerlik *Die Afrikaners: 'n Biografie* (2003 in Engels en 2004 in Afrikaans). Die troebele geskiedenis van die onreg wat die Stellenbosse bruin gemeenskap in die sestigerjare getref het, het hy in 2007 in *Nog altyd hier gewees* opgeteken. Van nasionale belang is sy en Bernard Mbenga se *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* in 2007 (ook in Engels). Vir my persoonlik fassinerend is *Die Laaste Afrikanerleiers. 'n Opperste toets van mag* uit 2012. Sy hoogs persoonlike huldeblyk aan 'n grootoom, *Buhr van die Bokveld – 'n Bloemlesing uit die werk van Johann Buhr*, het nog verlede jaar verskyn.

Hermann Giliomee begin sy *Biografie van die Afrikaners* met twee aanhalings. Die een is van die Joodse denker en Nazi-teenstander Elie

Wiesel: *"To live without a past is worse than to live without a future"*. Die ander van een van sy intellektuele vaders, digter N P van Wyk Louw: *"Die hele lewe leef in ons: om onself te ken – en om selfs intelligent nederig te wees – moet ons al die gestaltes ken wat in ons aanwesig is"*. In hierdie tye is dit iets wat mens ons land en Stellenbosch toewens: intelligente nederigheid.

Ek versoek nou vir prof Wessel Pienaar, die voorsitter van die Akademie vir Wetenskap en Kuns, om die Jan H Marais-prys aan Hermann Buhr Giliomee te oorhandig. Benewens die bedrag van R0,5 miljoen, te gebruik na sy wense deur die wenner, behels dit ook 'n beeld van Jan Marais deur die beroemde Coert Steynberg, soos gegiet deur sy dogter Isa aan wie ons ook baie dank verskuldig is.
